
# 40 Christus het vandag verrys




Christus het vandag verrys,
Christene, laat ons Hom prys.
Lê jul huldiginge neer
by die voete van ons Heer;
want die Lam moes boete doen
om die skape te versoen;
maar Hy het weer opgestaan
en die lewe ingegaan.

Mens en God's versoen geword,
toe die Lam se hartbloed stort,
toe die dood en lewe stry,
en die lewe wenner bly!
Daarom, Christenskare, sing!
Kom aan Christus hulde bring!
Want die Heer het opgestaan
en die lewe ingegaan.

Ja, nou weet ons, onse Heer,
het na ons teruggekeer;
uit die donker doderyk,
nou woon Hy in heerlikheid.
Sterk Oorwinnaar oor die dood,
o, ontferm U oor ons nood!
Laat ons almal wat U prys
eenmaal ook soos U verrys.

Paasfees Opvolgsang (sekwensie) G.J. Elvey (1816-93)